FEB 13 '92 11:37 BEELD JHB 011 4021871 P.1 [6]

FAKS NOMMER 397 2211

VAN BEELD

AAN KODESA-SEKRETARIAAT

# Kodesa wag vir voorleggings

Proposals

**S.S. VAN DER MERWE en MAC MAHARAJ, Kodesa-Sekretariaat, Posbus 397, Isando, skryf:**

KODESA is 'n belangrike forum om 'n vreedsame oplossing vir ons land se probleme te vind en die weg na 'n demokratiese Suid-Afrika te baan.

Die voorbereidingskomitee van Kodesa het besluit dat slegs volwaardige politieke partye/organisasies/administrasies volle deelnemerstatus aan Kodesa kan kry.

Terselfdertyd wil die organiseerders die grootste deelname moontlik van alle Suid-Afrikaanse belangegroepe op elke lewensterrein aan die Kodesa-proses aanmoedig. Daar is derhalwe daarvoor voorsiening gemaak dat belangegroepe voorleggings aan die vyf werkgroepe van Kodesa kan doen, sodat die werkgroepe die voorleggings in hul werksaamhede in aanmerking kan neem.

Ons nooi daarom alle Suid-Afrikaanse belangegroepe uit om skriftelike voorleggings aan spesifieke werkgroepe binne die opdrag van daardie werkgroepe te doen.

Die vyf werkgroepe wat Kodesa saamgestel het, is die volgende:

Werkgroep 1: Hierdie werkgroep hanteer die volgende sake: 1. Die skepping van 'n klimaat vir vrye politieke deelname; en 2. Die rol van die internasionale gemeenskap.

Werkgroep 2 hanteer: 1. Algemene konstitusionele beginsels; en 2. Die grondwetlike liggaam/proses.

Werkgroep 3 konsentreer op: Oorgangsmaatreëls/Interimregering/Oorgangsgesag.

Werkgroep 4: Hierdie werkgroep behandel die toekoms van die TBVC-state (dit wil sê Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei).

Werkgroep 5 spits hom toe op: Tydroosters en die toepassing van Kodesa-besluite.

Die volle opdrag van elke werkgroep is verkrygbaar van die Kodesa-Sekretariaat, Posbus 307, Isando, 1600 – of by World Trade Centre op Kempton Park. Tel: (011) 397-1198, Faks: (011) 397-2211.

Ons sal dit waardeer indien voorleggings hierdie kantoor voor 2 Maart kan bereik.